

9

GESTREMDHEID

Help mense met gestremdhede

PRAKTYKLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat mense met gestremdhede net soos hulle ook vir God kosbaar is.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet dat –

- daar baie mense met verskillende gestremdhede is.
- mense met gestremdhede ook mense soos ons is.
- mense met gestremdhede nie bejammer wil word nie.

Gesindheid

Die kinders moet –

- empatie en begrip hê vir mense met gestremdhede.
- besef dat hierdie mense net soos ons ook 'n behoefte aan liefde het.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- mense met gestremdhede kan bemoedig en versorg soos God ons in liefde versorg.
- mense met gestremdhede help.

MEER INLIGTING (Markus 2: 1-12)

Daar is baie mense met verskillende gestremdhede. Gestremdheid beteken dat 'n mens nie alles soos ander mense kan doen nie. 'n Blinde mens kan byvoorbeeld nie alles doen wat 'n siende mens kan doen nie. So is daar ook nog doofheid, verlies van ledemate, verlamming, verstandelike gestremdheid, ensovoorts. Party mense word gebore met die een of ander

gestremdheid. Met ander mense gebeur daar iets, soos 'n motorongeluk, wat gestremdheid veroorsaak.

Die meeste van ons ken iemand met 'n gestremdheid. Sommige mense met gestremdhede kan hulleself nie help nie en moet deur iemand versorg word. Daar is ook baie mense met gestremdhede wat vir hulleself en met hulpmiddels alles vir hulleself kan doen. Dink aan iemand wat blind is. Sulke mense het gidshonde waarmee hulle oral gaan. Hulle leer ook om braille te lees en kan sodoende self die Bybel lees. Vir dowe mense is daar gebaretaal en hulle leer om lippe te lees. Dit is die manier waarop hulle *hoor* wat ander mense sê.

Alle mense met gestremdhede is ook mense soos ons. Hulle is ook vir die Here baie kosbaar. Jesus het toe Hy op aarde was, baie mense met gestremdhede gesond gemaak. In Markus 2: 1-12 lees ons van 'n verlamde man wat deur Jesus gesond gemaak is. Almal was baie verbaas oor die verlamde man wat weer kon opstaan en loop.

Ons moet ook met liefde en begrip teenoor mense met gestremdhede optree. Liefde beteken nie dat ons hulle moet bejammer nie, maar dat ons bereid moet wees om hulle te help en vir hulle te bid.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Name en adresse van inrigtings waar mense met gestremdhede woon.
- Name en adresse van mense met gestremdhede in jou gemeente.
- Kontakbesonderhede van die Ondersteuningsraad.
- 'n Gewillige persoon met 'n gestremdheid om die klas toe te spreek.

KOM ONS BEGIN

Vra een van die kinders om met gebed te open.

HET HULLE ONTHOU?

- Laat die kinders lees wat hulle neergeskryf het oor die metode van doop.
- Kontroleer of hulle die antwoorde ken op die vrae wat hulle moes leer.
 - o Waarmee word kinders gedoop? *Water.*
 - o Waarvan is die water 'n teken? *Dit is die teken van die bloed van Jesus wat aan die kruis gevloei het.*
 - o Watter metode word gebruik tydens die Doop? *Die besprinkelingsmetode. Die dominee maak net sy vingerpunte nat en drup die water op die voorkop van die dopeling.*
 - o Hoeveel keer maak die dominee sy vingerpunte nat? *Drie keer.*
 - o Hoekom herhaal die dominee dié proses van natmaak drie keer? *Die dominee doop die dopeling in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.*
 - o Waarvan verseker die Doop ons? *Dat ons deel het aan God se genade en die ewige lewe ontvang.*

- o Op watter ouderdom moet iemand gedoop word? *Gelowige ouers laat hul kinders so gou moontlik doop. Daar is geen vasgestelde ouderdom waarop ouers hulle kinders moet doop nie.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Daar is baie mense met verskillende gestremdhede. Gestremdheid beteken dat 'n mens nie alles soos ander mense kan doen nie. 'n Persoon kan gebore word met die een of ander gestremdheid. Met 'n ander persoon kan daar iets gebeur, soos 'n ongeluk, wat gestremdheid veroorsaak.

Laat die kinders opnoem watter gestremdhede hulle van weet. (*Blindheid, doofheid, verlies van 'n ledemaat, verlamming, verstandelike gestremdheid, ensovoorts.*)

IETS INTERESSANT

Mense met gestremdhede wil nie bejammer word nie, maar het net soos ons ook behoefte aan liefde.

Dra die inhoud van MEER INLIGTING aan die kinders oor.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende by die kinders in:

- Gestremdheid beteken dat 'n mens nie alles soos ander mense kan doen nie.
- Daar is verskillende gestremdhede:
 - o Blind wees.
 - o Doof wees.
 - o Kreupel wees.
 - o Verlam wees.
 - o Stom wees.
 - o Verstandelike gestremdheid.
- Daar is baie hulpmiddels vir mense met gestremdhede:
 - o Boeke op band, boeke in braille geskryf.
 - o Gidshonde.
 - o Gehoortoestelle, vingertaal.
 - o Rolstoele, elektriese karretjies.
- Persone met gestremdhede is vir die Here belangrik – Jesus het baie moeite met hulle gedoen.
- Persone met gestremdhede wil nie bejammer word nie, maar wil met alles in ag geneem word.

IETS OM TE DOEN

- Reël 'n kundige persoon – vra jou dominee om te help of te reël om iemand van die Ondersteuningsraad te kry om met die kinders te kom praat. Anders kan die dominee self vir hulle iets oor mense met gestremdhede kom vertel.

- Reël 'n besoek aan mense met gestremdhede of 'n inrigting vir mense met gestremdhede. (Volg asseblief noukeurig die prosedures soos by die besoek aan bejaardes in Les 6.)

BY DIE HUIS

Verduidelik vir die kinders die aktiwiteit by die volgende les by HET HULLE ONTHOU .

Laat hulle –

- gebruikmaak van die woordbank om die sinne te voltooi.
- die wolk mooi inkleur of versier.
- die feite gaan leer.

AFSLUITING

Belangrik: Herinner die kinders om volgende week hulle Bybels saam te bring.

Laat een van die kinders Gesang 494 lees, en sluit af met 'n gebed.

*Gelukkig is die mens wat op die Here bou.
 God self sal in sy nood sy hande om ons hou.
 Dié wat op Hom vertrou, hoef vir geen kwaad te vrees.
 God wil en kan en sal vir ons 'n toevlug wees.*

*Gelukkig is die huis waarop Gods seën rus.
 Hy skenk ons krag na kruis; is van ons nood bewus.
 Dié wat op Hom vertrou, hoef vir geen kwaad te vrees.
 God wil en kan en sal vir ons 'n toevlug wees.*